

Helize van Vuuren

Helize van Vuuren is hoogleraar in Afrikaans en Nederlands (Letterkunde) aan die Universiteit van Port Elizabeth; skrywer van *Tristia in perspektief* (1989) en mede-redakteur van *Sluiswagter by die dam van stemme: beskouings by die werk van Karel Schoeman* (2002).
E-pos: helize@absamail.co.za

Thomas Pringle (1789–1834) en die Boesmans

Thomas Pringle (1789–1834) and the Bushmen

Pringle's Bushmen poems, his short story about Pangola and his autobiography, *Narrative of a Residence in South Africa* (1835) offer particularly interesting, often conflicting, perspectives on the situation of the Eastern Cape Bushmen in the early nineteenth century. As a gentleman settler farmer, minor Romantic poet and a pro-abolition journalist his views of the Bushmen changed as easily as so many different cloaks around the shoulder. Born in the year of the French Revolution and as a child of Enlightenment ideas, the ideas about the equality of all humankind, reflected in his poetry, were totally foreign to the colony. Yet in his autobiography the threatened settler farmer's view of the Bushmen "freebooters" stands in stark contrast to the philanthropic ideas expressed in his poetry. Of particular interest is the discovery that the sympathetic short story about the Bushmen and their plight in "Pangola – an African tale" is fictionalisation of a factual passage in the autobiography, dealing with the settler farmers' troubles. The two texts vary greatly in their outlook on the Bushmen. Because the Pangola story was reprinted in a footnote at the back of the Pereira & Chapman publication of Pringle's poems, it has received very little attention. Yet this is probably the earliest South African story in which a white author portrays a black main character.

In 1820 het Pringle as leier met 'n groep van sy familie as setlaars na die Oos-Kaap gekom. Die ekonomiese depressie in Groot-Brittanje en die gloeiende advertensie aldaar vir die landbou-potensiaal van die Oos-Kaap was die sterkste dryfvere vir die groep.

Aan die Baviaansrivier in die Tarka, waar die Slagtersnek-rebellie kort te vore plaasgevind het, is die Skotse setlaars gevestig op grond wat hul herdoop het as Glen Lynden. Die regering had as doel met hierdie vestiging aan die oosgrens veral die vorming van 'n buffersone tussen die Xhosa en die Kaapkolonie.

In Suid-Afrikaanse konteks is Pringle veral bekend as die vader van Suid-Afrikaanse Engelse poësie. Sy literêre roem is te danke aan sy *African sketches* (1834), in 1989 gepubliseer as *African poems of Thomas Pringle*. Ook sy outobiografiese teks, *Narrative of a Residence in South Africa* (1835), waarin hy sy wedervaringe in Suid-Afrika tydens sy sewejarige verblyf in die land (1820-1826) beskryf, bied vandag nog besondere insig in dié digter-boer en filantropiese joernalis se era. Na

die oprigting van die eerste drukpers in Kaapstad, het Thomas Pringle daar betrokke geraak in die redigering en uitgawe van die *South African Journal* en later saam met Greig die uitgawe van *The South African Commercial Advertiser*. Hy het hom beywer vir die vryheid van die pers, en die beëindiging van slawerny (wetlik bekragtig in 1834, net maande voor Pringle se vroeë dood aan tuberkulose in Londen, waarheen hy terug is in 1826).

Begeesterd met die idees van die Verligting, en reeds 'n gepubliseerde digter in Skotland, is Pringle se Suid-Afrikaanse gedigte veral boeiend om die geleidelike bemeestering in sy oeuvre van plaaslike naamgewing en taatgebruik vir flora, fauna en kennis van inheemse mense en hul kulture. In "Afar in the Desert" ry die spreker met 'n "silent Bush-boy alone by my side" deur die Karoo. Die figuur van die stemlose "Bush-boy" (Boesman? jong seun? of raspejoratief?) word opgevolg in 'n reeks gedigte waarin Boesmansprekers wel deeglik stemhebbend is, en kommentaar lewer op hul steeds verswakkende lewensomstandighede onder kolonialisme. In "Song of the Wild Bushmen" verklaar 'n uitdagende spreker (Pereira & Chapman, 1989: 11-12):

Thus I am lord of the Desert Land,
and I will not leave my bounds,
To crouch beneath the Christian's hand,
And kennel with his hound:
To be a hound, and watch the flocks,
For the cruel White Man's gain –
No! the brown Serpent of the Rocks
His den doth yet retain;
And none who there his sting provokes,
Shall find its poison vain!

Dié gedig suggereer reeds die verlore gaan van die prekoloniale lewenstyl waar die Boesman "lord of the Desert Land" was, maar behou tog 'n uitdagende toon, ten spyte van verwysings na verknegting "beneath the Christian's hand". In die sonnet, "The Bushman" word die omsingelde slaapplek van 'n Boesman en sy gesin beskryf in sy doodsoomblikke:

(...) His secret lair,
Surrounded, echoes to the thundering gun,
And the wild shriek of anguish and despair!
He dies – yet, ere life's ebbing sands are run,

Leaves to his sons a curse, should they be friends
With the proud "Christian-Men" – for they are fiends!

Hierdie empatie wat die nuut-gearriveerde Skotse digter-boer met die bedreigde Boesman verwoord, is treffend veral in die tyd waarin dit geskryf is. Eers in 1896 sou M.H. Naser in Afrikaans "Di klaagliid fan di laaste Boesman" in "Ons Klijntje" publiseer, wat begrip toon vir die lot van hierdie groep gekolonialiseerdes.

In "The emigrant's cabin" (Pereira & Chapman, 1989: 25-33) voer die digterspreker 'n gesprek-in-rym met sy gefantaseerde gas, Fairbairn. Hy gee "lokale kleur" aan sy vers deur die invoer van frases en woorde in Afrikaans, en tipiese Afrikaans-Hollandse name vir diere en gebruiksartikels. Die Khoi-meisie, "Vytjè Vaal", word in boeretaal geroep: "Meid, roep de Juffrouwen naar 't middagmaal", en op tafel word 'n reuse fees speels aangebied:

(...) roasted *springbok*, spiced and larded well;
A haunch of *hartbeest* from Hyndhope Fell;
A *paauw*, which beats your Norfolk turkey hollow;
Korhaan, and Guinea-fowl, and pheasant follow;
Kid *carbonadjes*, à-la-Hottentot (...)

Die skaapwagter Flink bring 'n boodskap van 'n besoekende Xosahoof: "Powána wagh'/ Tot dat de Baas hem binnenshuis zal vraagh." Die speelse elemente waaruit "The emigrant's cabin" opgebou is, suggereer 'n intense bewussyn by die digter van die multitalige en multikulturele grensgemeenskap waarin hy hom bevind, en gee vandag nog in die na-koloniale Suid-Afrika 'n beeld van die aard van grenslewe in die vroeg neëntiende-eeuse Oos-Kaap.

Soortgelyke insig bied Pringle se brief oor slawerny (in "Letters from South Africa", opgeneem in Peirera & Chapman, 1989: 140-148), met sy uittreksels uit destydse hofsake van slawe teen base, en base teen slawe, in die toestand aan die Kaap in die vroeg neëntiende eeu. (Hierdie brief is onmisbare agtergrondkennis vir 'n beter begrip van André P. Brink se roman *Houd-den-bek*, 1986, en die destydse slaweopstand in die Roggeveld.)

Maar dis veral Pringle se kortverhaal, "Pangola – an African tale" uit 1831 wat besondere interessante leesstof bied wanneer kulturele wisselwerking tussen die vroeëre ingesetenes van die Oos-Kaap, en die Boesmans in die fokus is.

"Pangola – an African tale" (1831)

Die vroegste Suid-Afrikaanse verhaal van "een blanke auteur waarin een zwarte hoofdfiguur optreedt", is nie soos Siegfried Huigen (1996: 140) onlangs beweer het "na *Leaven* van Douglas Blackburn" Jacob Lub se "Het zwarte gevaar" uit 1913 nie, maar Thomas Pringle se "Pangola - an African tale" (1831). Huigen verstaan kennelik onder "zwarte hoofdfiguur" die nouere betekenis van mense wat vroeër "Bantoe genoemd werd." Of mens met "swart" bedoel slegs mense wat "vroeger Bantoe genoem" is, en of daaronder ook Khoisan en ander ingesluit word, bly Thomas Pringle een van die vroegste skrywers wat die inheemse mense eerste poëties uitgebeeld en/of oor hulle in sy verhale of outobiografie geskryf het. Daarna verloop 'n lang periode tot die einde van die 19de, begin 20ste eeu voordat mense soos Von Wielligh, Marais, en andere uitgebreid karakters uit die inheemse volkere ten tonele voer.

Die hoofkarakter, Pangola, is 'n Boesman wat na mishandeling in diens van 'n boer, die berge in vlug en saam met ander vlugtelinge 'n bandiete-groep vorm wat terreur saai onder die boere. In konfrontasie met sy gewese baas, Diederik Kruger, wat wil hê dat hy oorgee en "huis toe" kom waar alles vergewe sal wees, verklaar Pangola homself onwrikbaar teen versoening en formuleer sy eie swaargevonde "waarheid" as volg:

"Nay, myn baas!" replied the Bushman, "the past can never be forgotten. That day, when I lay prostrate under the agter-os-sjambok, – you and your kinsman Bronkhorst may forget it, but I, never. Never more shall I cringe under the white man's lash; never more eat the bread he offers, embittered by his contempt. Hunger, thirst, nakedness, I can bear as my fathers have borne. I can live like the wild hound of the desert; but not like the household dog of your kraals, to be fed, and scorned, and fettered, and beaten at your pleasure. Your commandos have indeed dispersed my tribe and destroyed my kindred; but the wilderness and its wild freedom are still my heritage, and I will never yield them again but with my life" (Pereira & Chapman, 1989: 161; my kursivering).

Veral teen die agtergrond van die doelstellings van Biskop Tutu se Waarheids- en Versoeningskommissie (in 1995 in die lewe geroep) is die verhaal besonder insiggewend. Die Afrikaanse boer, Kruger, bied onvoorwaardelike vergifnis aan. Pangola weier dit, omdat hy die wrede fisiese marteling wat hy moes ondergaan nooit kan vergeet nie ("the

past can never be forgotten”), en by implikasie ook nooit kan vergewen. Hy verkies die lewe as ’n gedoemde uitgeworpene in die wildernis (“the wild hound of the desert”) eerder as dié van ’n minderwaardige skepsel in die boer se diens (“the household dog of your kraals”).

Uit Pringle se *Narrative of a Residence in South Africa* blyk dat dié verhaal gebaseer is op die wedervaringe van ’n Boesman genaamd Dragoener:

A band of native banditti had for some time past established themselves amongst the rocks and woods of the Neutral Ground [die buffersone – HvV], composed partly of *wild* Bushmen from the north-east, partly of *tame* Bushmen (as they are termed), who had absconded from the service of the boors (...) *This band of desperadoes were reported to be under the command of a Bushman named Dragoener, who had formerly been in the service of our neighbour Diederik Muller, but who, on being flogged on some occasion by a kinsman of his master's, with an agter-os-sjambok (a tremendous whip of rhinoceros hide), had fled to the desert, and sworn eternal enmity to the colonists.* He had at length become the captain of this band of freebooters, and under his enterprising guidance their depredations became every day more extensive and formidable (Pereira & Chapman, 1966: 222; my kursivering).

Die fiksionaliseringsproses wat uiteindelik resulteer in “Pangola – an African tale” het onder andere dus met naamgewing te make: *Dragoener* word *Pangola*, *Diederik Muller* word *Diederik Kruger*. Hoewel die boer se gefiksionaliseerde naam dieselfde gevoelswaarde dra (’n algemene van wat sy Afrikaanse identiteit aandui), is die fiktiewe naam *Pangola*, ’n minder gelukkige keuse, omdat dit, anders as “*Dragoener*” (waarskynlik ’n vervorming van “*Draghoeender*”, sien Peires, 1984: 99-104) ’n Nguni-klank suggereer, en daarmee ’n swart identiteit. Hoe ookal, Pringle beskryf as grensboer verontwaardig hoe dié *Dragoener*-groep onder andere drie van sy broer se perde gesteel het, en dit toe opgeëet het (“devoured by these robbers”).

Hierdie houding van die verontwaardigde grensboer wat self gesorg het dat daar ’n kommando agter die Boesmangroep aan gestuur is om hul uit te delg (Wahl, 1970: xxi), is teenstrydig met Pringle se houding as filantropiese idealis: “As a philanthropic idealist he believed in a frontier policy based upon the civilising influence of education and Christianity, rather than upon garrisons and commandos” (Wahl, 1970: xxxi).

Dié onversoenbare teenstrydighede waarmee Pringle worstel – enersyds as bedreigde grensboer en andersyds as filantropiese idealis – vorm een van die boeiendste elemente in sy geskrewe tekste. In die passasie oor die geskiedenis van Dragoener (in *Narrative*) onderbreek hy sy verhaal om die Boesmans te verdedig: “These freebooters might have been able, perhaps to make out a good case against the colony, had they been heard in their own defence. *The country which we now occupied had belonged very probably to their ancestors*” (Pringle, 1966: 223, my kursivering).

Maar indertyd is daar nie sprake van ’n geleentheid waar gereg uitgeoefen kan word nie. Die wet van die grensgebiede is die wet van die oerwoud – geweld, opgevolg met bloedige wraak en weerwraak: “Commandoes of boors were then sent out after the usual mode (...) Dragoener and most of his boldest comrades being slain, the rest were taken prisoners, and the band effectually broken up” (Pringle, 1966: 223).

Pringle se erkenning, as Skotse setlaar in die buffersone aan die oosgrens, dat die land wat hy en sy mense bewoon waarskynlik aan die Boesmans se voorouers behoort het, en dus wederregtelik in beslag geneem is, is veral in die post-1994 periode besonder frappant. Een van die mees omstrede wetgewings vandag is die reg op restituisie van onteiene grond. Maar dit gaan slegs terug tot 1913, en steeds ontbeer die nasate van die Boesmans as mees perifere groep in die samelewing die kans op reparasie.

Uit ’n vergelyking tussen “Pangola – an African tale” en die relevante passasie in *Narrative of a Residence in South Africa* (Pringle, 1966: 222-223) blyk dat die gefiksionaliseerde weergawe veral ’n besonder simpatieke uitbeelding van die Boesmanfiguur bied, terwyl die feitelike passasie hoofsaaklik te make het met die troebelassies van die grensboere. Deur die direkte of indirekte weergawe van Pangola se gedagtes en emosies word die leser se simpatie by wyse van groter begrip gewek.

Ná veldkornet Van Bronkhorst op Pangola geskel en gevloek het, staan die Boesmanwerker op vir sy regte as mens: “he told the furious Van Bronkhorst to his beard *that he was a man as well as he; that God had made them equal; and though the white man had seized the land, and enforced the labour of his countrymen, yet no law either of God or man had condemned them to submit to indignities which even the slaves of the Christians would not tamely endure*” (Pereira & Chapman, 1989: 160; my kursivering).

In hierdie uitdrukking van die idees van die Verligting (“vryheid, gelykheid en broederskap”) in die mond van die Boesman, is Pringle die filantroop duidelik aanwesig. Alhoewel die karakterisering in dié opsig altemit nie heeltemal oortuigend is nie, toon Pringle in die detail-inkleding van die verhaal ’n besondere kennis van die oosgrensmaatskappy, asook Boesmankultuur en gewoontes, wat hierdie vroeë Afrika-verhaal vandag nog boeiend maak. So word Pangola se herkoms beskryf: “He had been made captive in early boyhood, with other children of a Bushman Kraal, in one of the frequent incursions or *commandos* (...) undertaken by die Christian Colonists against the native tribes” (Pereira & Chapman, 1989: 159). In die *Narrative* word meer eksplisiet vertel van die “legalised butcheries of the Bushman race” (Pringle, 1966: 229). Wat in die verhaal verswyg word, is dat mans gewoonlik voor die voet afgeslag is, soos dikwels ook vrouens (Pringle, 1966: 226), en dat hierdie kinders wat as bediendes weggevoer is, dus die getraumatiseerde oorlewendes was van wreedaardige slagtings op hul ouers, en die totale vernietiging van hul tradisionele lewenswyse. Ook die manier waarop Pangola se vrou hom na gewelddadige afstraffing met die sambok (“his back and limbs were miserably mangled and streaming with blood”) daagliks dokter met *gekneusde blare van die boegoe-plant*, tot die wonde genees (Pereira & Chapman, 1989: 160), getuig van Pringle se kennisname van inheemse kure.

Wat taalgebruik betref, is ’n stilistiese analise van “Pangola – an African tale” boeiend. Die Boesmanfiguur word “the African” genoem, wat uit streng-etnografiese oogpunt nie korrek is nie, maar by implikasie suggereer dit Pringle se siening van homself as Skot of buitelander teenoor inheemse inwoners van Suid-Afrika as Afrikane (“Africans”). Aansluitend hierby is dit opvallend hoe dikwels in die verhaal Boesmanfigure met diere vergelyk word. Na hy geslaan is, lê Pangola soos ’n slang in die stof: “the African was left like a skotched snake writhing in the dust” (Pereira & Chapman, 1989: 160). In sy latere gesprek met Diederik Kruger, wat hom wil oorreed om terug te keer na die beskawing, sê Pangola dat hy liever soos ’n wilde hond in die woestyn wil lewe, as om soos ’n huishond oorgelewer te wees aan sy baas (Pereira & Chapman, 1989: 161). Die hondbeelde word voortgesit op die volgende bladsy wanneer die kommando-leiers geskok is “to see white men submit tamely to ‘*Bushmen dogs*’” (Pereira & Chapman, 1989: 162). Aan die slot van die verhaal is daar ’n bloedige konfrontasie tussen die kommando en die omsingelde Boesmans in ’n grot. ’n “Mak” Boesman-spioen word gestuur om die opstandiges in die grot te beveel

om oor te gee. As hy terugkom by die boere, gillend soos “a wild beast” steek daar twee pyle deur sy wange in sy tong in: “Two arrows of polished reed, thrust through the flesh of the wretch’s cheeks, projected like the tusks of the African wild hog, while their barbed points, embued in deadly poison, were infixed in the tongue that had betrayed his kinsmen to their pursuers” (Pereira & Chapman, 1989: 163; my kursivering). Uiteindelik sterf Pangola in die skermutseling soos ’n gekwetste luiperd: “mortally wounded, (he) flung himself like a hunted leopard upon his ancient foe the veld-cornet” (Pereira & Chapman, 1989: 164; my kursivering). Die Boesmanfigure in hierdie verhaal word dus beurtelings vergelyk met ’n slang, ’n wildehond, ’n mak hond, ’n wildevark, ’n gekwetse luiperd. Dié vergelykings suggereer kennis van die gedrag van hierdie diere by die skrywer wat op hierdie manier sy verhaal “lokale kleur” gee, maar meer as dit impliseer dit ook iets van die opvatting in die neëntiende eeu dat die Boesmans nader aan die instinktiewe natuur en wildedier staan as aan die mens (vergeelyk Von Wielligh, 1921: en die NG Kerksinode-debat in 1903: “Is die Boesman ’n dier of ’n mens?”)

Die verhaalstruktuur is siklies: dit begin met die verknegte Pangola, wat hom by die boer bevind as gevolg van geweld teen sy mense: “made captive in early boyhood, with other children of a Bushman Kraal, in one of the frequent incursions or *commandos*” (Pereira & Chapman, 1989: 157). Dit eindig met Pangola wat sterf in ’n soortgelyke ongelyke geveg tussen berede boere en omsingelde Boesmans – gewere teen pyl-en-boë: “I die in arms against the Christians – the murderous Christians who destroyed my race.”

As kontak, kommunikasie en konflik as verskillende moontlikhede van kulturele wisselwerking gesien word, bestryk Pringle se verhaal al hierdie stadia. Ná konflik teen sy kraal, word die “wilde” Pangola “mak” gemaak, en leer by implikasie die taal van sy meester (Afrikaans of gebroke Nederlands) soos wat hy sy eie taal verloor. Na veldkornet Van Bronkhorst se geweldorgie teen Pangola (dit is konflik) ontketen dit opnuut ’n ketting van geweld. Diederik Kruger probeer as kommando-lid wat die Boesmans jag, om te kommunikeer met Pangola (waarskynlik word hierdie gesprek in Afrikaans gevoer, soos wat die woorde “myn jong” op bladsy 161 suggereer). Dit is egter te laat vir kommunikasie, na die vlugtige moment van kontak en toenadering, intensiveer die konflik. Die spioen wat gestuur word om die groep mondelings te oortuig om oor te gee (deur kommunikasie in hul eie taal), se verraderlike tong (medium van kommunikasie) word met

gifpyle deurboor – ’n simboliese gebaar van die finale beëindiging deur Pangola se mense van enige verdere kommunikasie. Na die fatale slotgeveg kommunikeer Pangola nog eenmaal met die kommandolede, nadat hy noodhulp geweier het: “You cannot save my life, if you would (...) and, if you could, I should receive it back only to be doomed, by laws which I disclaim, to a more ignominious death. I die in arms against the Christians – the murderous Christians who destroyed my race” (Pereira & Chapman, 1989: 164; my kursivering).

Sy sterwenswoorde wys op strak kulturele verskille. Die boere het ’n ander regstelsel met wette wat hy ontken, en hulle is “moorddadige Christene” – het ’n geloof wat vir die Boesmans net doodslag inhou. (Dit is ’n algemene verskynsel uit die tekste in die agtiende en neëntiende eeu dat die wit boere as “Christene” gesien word deur die eerste inheemse inwoners van die land, waaronder merendeels negatiewe assosiasies verstaan word. Hoe dit die sendingaksies beïnvloed het, val te bevraagteken. Die verskillende sendingstasies onder die Boesmans, onder andere by Torenberg onder Erasmus Smit in 1815, was in ieder geval geen een besonder suksesvol nie, en geen een van lange duur nie. Hiervoor is die redes waarskynlik onder andere te vind in die kultureel-onsensitiewe aanpak – geen noemenswaardige pogings om die Boesmantale of -kultuur te leer nie, die enorme kultuur- en klasse-verskille tussen die sendelinge en hul gemeentes, asook die reeds ver gevorderde verbroekeling van die Boesmans se kommunale gemeenskapstrukture.)

Pringle se verhaal kan dus gelees word as ’n verhaal van kontak, kommunikasie en konflik, met ’n sekere mate van kulturele wisselwerking wat plaasvind – genoeg om die ander groep se taal aan te leer, en sy lewenswyse te leer ken, maar nie genoeg om fatale konflik te vermy nie. Die uitbeelding van Pangola as karakter is nie dwarsdeur volkome oortuigend nie. In ’n woordewisseling met Van Bronkhorst, voor laasgenoemde hom afransel, uiter die Boesmanwerker die frase “God had made them equal” met verwysing na Afrikanerboer en Boesman. Hierdie frase eggo die Verligtingsretorika (“gelykheid, vryheid en broederskap”) in die mond van ’n karakter wat veronderstel is om kort gelede nog ’n “wilde” Boesman te gewees het, sonder westerse opvoeding of kennis van die westerse beskawing. Dit lyk my duidelik dat Pringle die filantroop hier deur Pangola aan’t buikspreek is. Wat hierdie momentele “slippage” of lapsus in die register egter besonder veelseggend maak, is dat Pringle (1966: 222-223) in die intertekstuele passasie in die *Narrative* die feitelike gebeure rondom Dragoener

hoofsaaklik vanuit die bedreigde en beroofde setlaarboere se perspektief vertel. Hy noem slegs in 'n terloopse onderbreking van twee sinne die "moontlikheid" ("perhaps (...) a case against the colony") en "waarskynlikheid" ("the country (...) belonged very probably to their ancestors") dat sy verhaal van onreg wat die boere aangedoen is, altemit op verkeerde aannames gebaseer kan wees. Sy hoofbetoog is egter een van uitbuiting van die boere. Die *Narrative* was in 1826 gereed vir publikasie (sien voorwoord, Pringle, 1966). "Pangola", waarin die hoofperspektief op die gefiksionaliseerde verhaal van Dragoener uit-en-uit dié van die uitgebuite en berooide Boesmans is, verskyn in 1831 in druk. Dit kan aangeneem word dat die verhaal veel later geskryf is, tien teen een toe Pringle al terug was in Engeland. Die nooddurf van praktiese omstandighede van die setlaarboer wat bedreig word deur die Boesmans is lankal agtergelaat. Pringle skryf nou vanuit 'n teoretiese kyk op die koloniale verhoudinge en vanuit die intensiverende stryd vir die afskaffing van slawe. Hy kan homself nou die luukse van die teoretiese idees van die Verligting gun in sy uitbeelding van koloniale verhoudinge. Dit is waarskynlik hierdie teoretiese standpuntinname van Pringle, ver verwyder van die nypende daaglikse lewe én die diskoers van geweld in die grensgebied, wat in Pongola se dialoog neerslag vind wanneer hy beweer "God had made them (us) equal".

Hoewel die verhaal hier en daar fokalisasie deur die skrywer laat deurskemer in die fokalisasie van die karakter Pangola ("God had made them equal"), is "Pangola – an African tale" as gevolg van die spannende, dialoog-ryke en "lokale kleur" in die uitbeelding van kulturele wisselwerking tussen grensboere en Boesmans, 'n memorabele verhaal. Gelees saam met die nie-fiktiewe interteks in *Narrative of a Residence in South Africa* bied dit besondere insig in die vroeë-neentiende eeuse groepsverhoudinge soos weergegee in die konflikterende diskoers van grensboer-filantroop Pringle.

Bronnelys

- Gordon, Robert J. 1997. *Picturing Bushmen. The Denver African Expedition of 1925*. Cape Town: David Philip.
- Huigen, Siegfried. 1996. *De weg naar Monomotapa*. Amsterdam: Amsterdam University Press.
- Peires, J.B. 1984. Piet Draghoender's Lament. *South African Outlook*. July: 99-104.
- Pereira, Ernest & Chapman, Michael. 1989. *African Poems of Thomas Pringle*. Pietermaritzburg: University of Natal Press.
- Pringle, Thomas. 1966 (1835). *Narrative of a Residence in South Africa*. Cape Town: Struik.
- Wahl, John Robert. 1970. *Poems Illustrative of South Africa. African Sketches: Part One*. Cape Town: Struik.